# Redaksioneel
# Hervormde Teologiese Studies

Die variasie van die temas van die artikels op die gebied van die teologie en aanverwante wetenskappe wat in die *Hervormde Teologiese Studies* gepubliseer word, is opvallend. Die onderhawige aflewering is daarom nie 'n uitsondering nie. In hierdie betrokke volume vind ons artikels op die gebied van die godsdiensfilosofie, wetenskapsteorie, etiek, geskiedenis van die vroegste Christendom, Christologie, Bybelvertaling, patristiek, Ou-Testamentiese poësie, geskiedenis van ou Transvaal, metateorieë van die Praktiese Teologie, menseregte en sosiaal-wetenskaplike eksegese van die Nuwe Testament. Hierdie temas verteenwoordig die aspekte van navorsing wat op leerplannne in al ses die akademiese departemente in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria betrekking het: Ou- en Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Dogmatiek en Christelike Etiek, Godsdiens- en Sendingwetenskap, Kerkgeskiedenis en Kerkreg en Praktiese Teologie. Wat verder opvallend is, is die feit dat die meeste van hierdie navorsingsartikels direk gerig is op die beskrywing en verklaring van aangeleenthede van en ontwikkelinge in die hedendaagse kerklike en politieke samelewing.

Wentzel van Huyssteen, teoloog van Princeton Theological Seminary, tree in gesprek met sy vriend van Illinois, die godsdiensfilosoof Jerome A Stone, en gee hom 'n pluimpie omdat Stone, 'n vorige medewerker tot *HTS*, die postmoderne sekulêre wêreld ernstig opneem en *foundationalism* aan die kaak stel. Van Huyssteen wil egter nie sien dat die beklemtoning van pluraliteit sou veroorsaak dat die spesifieke aard van die Christen se Godsbeskouing in die slag bly nie. Indien dit sou gebeur, sal postmoderniteit se waardering vir 'ware pluraliteit' juis agtergelaat word. Andries van Aarde, Nuwe-Testamentikus van die Universiteit van Pretoria, gaan ook in twee opeenvolgende artikels in op aspekte van postmoderniteit. Hy betoog dat postmoderniteit selektief afskeid neem van sekere kulturele waardes wat die moderne era kenmerk. Van Aarde lewer saam met Peter Berger, die godsdienssosioloog van Boston, 'n pleidooi dat die identiteit van die kerk verlore sal raak indien die transendente gerigtheid van die godsdiens nie kerklik weerspieël word nie. Die kerk behoort pluraliteit te aanvaar en lidmate ten opsigte hiervan te begelei. Dirkie Smit, teoloog van die Universiteit van Wes-Kaapland en ook verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch, het insgelyks die probleem van pluraliteit in die oog. Hy rig hom ook op die kerklike samelewing in Suid-Afrika. Na aanleiding van die metafoor 'Babelse taalverwarring' gaan hy in op die noodsaak en voorwaardes van kommunikasie wat wyduiteenlopendheid kan oorbrug. Johan Strijdom, dosent in die Klassieke aan die Universiteit van

Suid-Afrika, wys in sy artikel daarop dat diversiteit reeds in die vroegste Christendom van die periode 30-70 n C aanduibaar is. Hierdie verskeidenheid moet nie as 'n verleentheid beleef word nie en dit geld ook vir die Christelike samelewing vandag. In sy artikel bespreek Strijdom op 'n vergelykende wyse die konstruksies van die vroegste Christendom deur Burton Mack en John Dominic Crossan. Johan Engelbrecht, 'n Nuwe-Testamentikus verbonde aan die Universiteit van Suid-Afrika, gaan in sy artikel in op die Christologie van die Matteusevangelie en hy wys hoe die evangelis se dissipelbeeld lig werp op die figuur van Jesus. Hennie Stander, dosent in Grieks aan die Universiteit van Pretoria, illustreer opwindende nuwe wyses van Bybelvertaling en dui veral aan hoe vertaling tipografies gedien kan word. In die artikel van Jan Barkhuizen, ook senior dosent in Grieks aan die Universiteit van Pretoria, word 'n venster oopgemaak op patristiese eksegese van die wondervertelling oor die opwekking van Lasarus, gekombineer met 'n moderne grammatikale en semantiese analise. Dirk Human, Ou-Testa-mentikus verbonde aan die Departement Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria, bespreek op sy beurt die poëtiese struktuur van Psalm 83 en toon aan hoe historiese toespèlings waarvan ons in ander Ou-Testamentiese gedeeltes verneem, in hierdie Psalm nuut gekontekstualiseer word. Kálmán Papp, emeritus-predikant van Krugersdorp, lewer in sy artikel 'n belangrike bydrae tot die geskiedenis van ou Transvaal. Hy betoog dat die bekende Paardekraal Gelofte 'van 1880' nuut bedink moet word, aangesien daar dokumentêre bewyse is dat hierdie Gelofte inderdaad reeds twee jaar vóór 1880 tot stand gekom het. Herman van den Berg, Hervormde predikant van Goudrand in Johannesburg, bied in sy artikel aspekte van die navorsing wat hy in die Departement Praktiese Teologie onder leiding van prof Theuns Dreyer gedoen het. Van den Berg bespreek krities verskillende meta-teorieë wat in die beoefening van Praktiese Teologie in Suid-Afrika gangbaar is. Hy bepleit die erns maak van 'n basis-teorie sodat 'n te vroeë keuse van 'n meta-teorie nie die beoefening van Praktiese Teologie op sleeptou neem nie. Die artikel van Evert-Jan Vledder oor menseregte is die verwerking van 'n referaat wat hy tydens een van die gespreksgroepbyeenkomste onder leiding van prof Gert Pelser in die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria gelewer het. Vledder het gedurende 1994 gepromoveer oor die tema konflik in die wondervertellings in Matteus 8 en 9. Die laaste artikel in die onderhawige aflewering van *HTS* is juis 'n kritiese bespreking deur Stephan Joubert, Nuwe-Testamentikus verbonde aan die Departement Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria, van Vledder se doktorale proefskrif.